



eduresourceza.com

Grade:	12
Subject:	AFRIKAANS
Name of assessment:	VRAESTEL 1
Date:	2 JUNIE 2023
Student Name:	
Time started:	
Time ended:	
Number of pages uploaded: (including the cover pages)	

INVIGILATOR DECLARATION

This form is to be completed and signed by the invigilator of this assessment and must be uploaded along with the completed assessment into the submission box on Moodle.

I _____, confirm that this assessment was written:

1. Under uninterrupted supervision.
2. Within the specified time limit.
3. Without access to Moodle, notes, textbooks, internet research or any other resources, unless specified as allowed for during the test.
4. Without a cell phone in the vicinity of the exam / test venue.
5. Without any assistance from another person, including myself.
6. Without any prior tips / coaching towards the specific questions of the test from me.

Notes:

.....

.....

Signature: _____

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL 1

GRAAD 12

2 JUNIE 2023



Tyd: 2 ½ uur

Totaal: 100 punte

Eksaminator: Cecilia Snyders

Moderator: Lida Cronje

Naam & Van:

Lees hierdie instruksies aandagtig deur:

1. Hierdie vraestel bestaan uit **22** bladsye (die 'Invigilator's Declaration' en hierdie voorblad word daarby ingesluit). Maak seker dat jou toets-/eksamenvraestel volledig is.
This paper consists of a question paper of 22 pages (including the Invigilator's Declaration and this cover page). Check that your test/exam paper is complete.
2. Lees die inligting en vrae aandagtig deur.
Read the information and questions carefully.
3. Beantwoord al die vrae op lyntjies paper.
Answer all the questions on lined paper.
4. **Geen getikte antwoordstelle sal aanvaar word nie.** Jy moet in blou of swart ink skryf.
No typed scripts will be allowed. They must be hand-written in blue or black ink.
5. Dit is in jou eie belang om netjies en leesbaar te skryf.
It is in your own interest to write legibly and to present your work neatly.
6. Maak seker dat al jou bladsye leesbaar is voordat jy jou werk stoor en oplaai. Onvolledige of onleesbare werk mag nie later opgedateer word as jou tyd verstreke is nie.
Be sure to scan all pages clearly before saving and uploading your test/exam – incomplete or unreadable tests may not be updated after the submission box has closed.
7. Skandeer die 'Invigilator's Declaration' en hierdie voorblad in saam met jou antwoordstel.
Ensure that the signed Invigilator's Declaration and this cover page are scanned in with your test/exam.
8. Stoor jou werk as volg: Van_Voornaam_Toetsnaam_Datum.
Save your work according to the following naming convention: Surname_Firstname_Test Name_Date.
9. **Please note that should you access the course content on Moodle during this test/exam you will receive a zero. Consulting Google for definitions, diagrams or any other information during this test/exam will also result in zero. Both are considered cheating and will carry negative consequences.**

AFDELING A: LEESBEGRIP**VRAAG 1: ARTIKEL**

Bestudeer die teks hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Slim slimmer robot!

1. Kunsmatige intelligensie is nou op almal se lippe; van antwoorde op eksamenvraestelle tot die skryf van toesprake. KI het so gevorder dat robotte nou selfs interaksie met mense kan hê! KI is die intelligensie wat 'n masjien of sagteware wys. John McCarthy het dié term KI in 1955 geskep en hy definieer dit as “die wetenskap van die skep van intelligente masjiene.” Die Engelse wiskundige, Alan Turing, en ook die vader van rekenaarwetenskap sê: “as 'n rekenaar 'n persoon kan mislei en glo dat hy (die rekenaar) 'n mens is, moet die rekenaar intelligent wees.”
2. Robottegnologie het ook 'n negatiewe kant; baie mense in sekere poste verloor hulle werk. Die groot vraag is nou: gaan hierdie poste in die toekoms nog nodig wees as robotte die werk net so goed kan doen?
3. Op die oomblik word 'n ou video van die klassieke tekenprent, Tom en Jerry, op sosiale media gedeel. Die storielyn van hierdie tekenprente fokus altyd op Tom, die kat, wat van Jerry, die muis, ontslae probeer raak. Maar Tom is altyd onsuksesvol omdat die muis te slim is vir hom.
4. In hierdie spesifieke video roep Tom se eienaar hom en stel hom aan die robotkat voor wat in die toekoms sy werk sal doen. Tom se eienaar het 'n advertensie gelees wat die kat so beskryf: “Mecho – *The cat of tomorrow* hoef nie te eet nie, gee nie probleme nie en het nie 'n pels met los hare nie. En dan is hy nog baie effektief in sy werk ook.”
5. Mecho slaag ook baie suksesvol daarin om vir Jerry uit die huis weg te jaag. Tom moet nou sy tasse pak en hartseer wegstap omdat hy sy werk verloor het. En so word Tom van 60 jaar gelede, die heel eerste een wat plek vir 'n masjien en kunsmatige intelligensie maak omdat dit Tom se werk net soveel beter kan doen.

6. 'n Halfeeue later is dit nie net Tom nie, maar baie ander mense se beurt om hulle werk te verloor. As 'n mens die hele video kyk, sien jy dat Tom se eienaar hom weer terug wil hê, want die robotkat het toe uiteindelik nie so goed gewerk nie.
7. Wat is die les wat ons uit Tom en Jerry se video leer? Masjiene is nie so slim en oulik as wat ons dink nie: robotte sal nooit die mens kan vervang nie.

[Verwerk en aangepas uit: <<https://maroelamedia.co.za> en google]

- 1.1 In paragraaf 1 word gesê dat kunsmatige intelligensie “op almal se lippe” is.
Wat beteken dit as iets “op almal se lippe” is? (1)
- 1.2 Wanneer, volgens Alan Turing, is 'n rekenaar baie intelligent?
Antwoord die vraag in jou **eie woorde**. (1)
- 1.3 Verduidelik in jou **eie woorde** wat die negatiewe kant van robottegnologie is. (1)
- 1.4 Dink jy, daar is 'n goeie verhouding tussen Tom en Jerry?
Antwoord **JA of NEE en verduidelik** jou antwoord. (1)
- 1.5 Waarom het die advertensie Tom se eienaar laat besluit dat Mecho 'n beter opsie as Tom is? Noem **twee redes** in jou antwoord. (2)
- 1.6 Hoe weet jy dat Mecho Tom se werk beter kon doen? (1)
- 1.7.1 Antwoord **WAAR of ONWAAR** op die volgende stelling:
Tom se eienaar was later spyt dat Mecho Tom se werk oorgeneem het. (1)
- 1.7.2 **Haal 'n frase** uit die teks **aan** om jou antwoord by 1.7.1 te bewys. (1)
- 1.8 Stem jy saam met die les wat ons uit Tom en Jerry se video kan leer?
Antwoord **JA of NEE en verduidelik** jou opinie. (1)


[10]

VRAAG 2: GRAFIKA EN TEKS

Bestudeer die grafika en teks en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Maak jou toebie tuis

Twee snye witbrood, margarien (sowat 15 g), kaas (sowat 30 g), ham (sowat 30 g), blaarslaal (sowat een blaar), komkommer (sowat drie skywe) en tamatie (sowat 'n derde van 'n tamatie).

**Checkers**

Totale toebieprys:
R14,42

Pick n Pay

Totale toebieprys:
R17,50

SHOPRITE

Totale toebieprys:
R14,02

W WOOLWORTHS

Totale toebieprys:
R19,31

SPAR

Totale toebieprys:
R15,87

* Pryse per porsie

Bron: Netwerk24 se Inflasiemandjie

Netwerk24 Grafika

Let wel: Die prys in hakies is die prys per porsie.

Het jy geld vir 'n middag-toebie?

1. Kenners het gevind dit is goedkoper om self kos te maak as om klaargemaakte kos te koop. **Beeld** se maandelikse inflasiemandjie wys dit kos minder as R20 om self 'n toebie te maak. Die gemiddelde prys van 'n broodjie as jy bestanddele by Checkers, Pick-n-Pay, Shoprite, Woolworths en SPAR koop, is R16.22.
2. As jy dus vyf dae 'n week elke dag so 'n broodjie eet, kan dit jou R 324.40 kos. Jy kan R5 op elke broodjie spaar as jy dit sonder ham eet en 'n verdere R5 as jy ook nie kaas gebruik nie.
3. As 'n mens besluit om net margarien en Bovril op 'n broodjie te smeer, kan dit so goedkoop as R3.74 per dag kos.
4. Die toebie is dus 'n goedkoper alternatief as 'n klaargemaakte broodjie of kitskos. Dieselfde broodjie by Vida Caffê (geroosterde ham, kaas en tamatie) kos R56.00

[Bron: verwerk uit Beeld, Sakeblad, 13 April 2023]

- 2.1 Wat is die meer formele woord vir die informele woord **toebie**? (1)
- 2.2 By watter **twee** winkels sal jy bestanddele koop as jy wil hê jou toebie moet minder as die gemiddelde prys kos? (2)
- 2.3 By watter winkel sal jy **nie** gaan koop as jy die goedkoopste witbrood wil koop **nie** ? (1)
- 2.4 Watter **twee** bestanddele sal jy nie op jou toebie sit as jy geld wil spaar nie? (2)
- 2.5 Wat moet jy op jou toebie sit sodat dit minder as R4,00 kos? (1)
- 2.6 Watter bestanddele, volgens die grafika, sal 'n persoon wat nie diereprodukte eet nie op sy/haar toebie sit? (2)
- 2.7 Waarom, dink jy, is 'n broodjie by Vida Caffê soveel duurder? (1)

[10]

VRAAG 3: STROKIESPRENTE

Bestudeer die strokiesprente en beantwoord dan die vrae wat volg.

Strok 1: Jeremy en Brendan se ma's by "Boot Camp"

Raam 1

Raam 2

Raam 3

[Bron: Beeld, 4 April 2023]

Strok 1:

3.1 Watter **twee woorde** van Jeremy se ma beteken **om 'n goeie verhouding te hê**?

(Sien Raam 1) (1)

3.2.1 Waarom is Jeremy se ma **so ontsteld**? (1)

3.2.2 Watter **visuele leidrade beskryf haar emosie**? (Sien Raam 3)

Noem **twee** voorbeelde. (2)

Strok 2: Jeremy en Brendan se ma's by "Boot Camp"

Raam 1

Raam 2

[Bron: Beeld, 5 April 2023]

Strok 2:

3.3.1 Antwoord **WAAR** of **ONWAAR** op die volgende stelling:

Jeremy se ma dink Brendan is die perfekte kind. (1)

3.3.2 **Verduidelik** jou antwoord by 3.3.1. (1)

3.4 Watter **visuele leidraad wys** dat Jeremy se ma die slaanbal **baie hard slaan**?

(Verwys na Raam 2) (1)

Strok 3: Jeremy se ma na “Boot Camp”

Raam 1

Raam 2

Raam 3

[Bron: Beeld, 6 April 2023]

Strok 3:

3.5 Wat dink Jeremy van sy ma se “*Boot Camp*” as hy dit “*Booty Camp*” noem?

(Verwys na Raam 1) (1)

3.6 Waarom bedank Jeremy vir Brendan? (1)

3.7 Waarmee vee Jeremy se ma die sweet van haar voorkop af?

(Verwys na Raam 2) (1)

[10]

AFDELING A: 30 PUNTE

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 4****Opsomming van klas-dinkskrum oor aardverwarming (*global warming*).**

Julle Gr.12-klas is in groepe verdeel en elke groep hou 'n dinkskrum oor hoe om die effek van aardverwarming te verminder. Jy moet namens jou groep terugvoer aan die klas gee.

- Som nou jou maats se idees in **vyf hoofpunte en 70 woorde** op.
- Skryf die **twee belangrikste feite van jou maats se idees** neer.

ONTHOU:

- Skryf elke keer **twee feite** van elkeen van jou maats se idees oor **hoe om aardverwarming te verminder**, neer.
- Moenie jou maats se sinne direk aanhaal nie.
- Elkeen van jou hoofpunte moet **twee relevante feite** oor **hoe** om aardverwarming te verminder, hê.
- Elkeen van jou hoofpunte mag uit **een of twee sinne** bestaan.
- Nommer jou hoofpunte van **1 tot 5**.
- Laat 'n **reël** na elke hoofpunt **oop**.
- Jou opsomming mag nie **minder as 60 woorde of meer as 80 woorde** wees nie.
- **Begin** elke hoofpunt met jou maat se naam, bv. **Dean:** ... Die naam is nie deel van die woordtelling nie.
- Skryf die woordtelling aan die einde van jou opsomming neer.
- **Trek 'n streep** deur jou beplanning.

Ons enigste Aarde

- Dean:** Die Aarde se klimaat en weerpatrone is besig om te verander. Maar ons kan help deur minder warm water te gebruik as ons hande en skottelgoed was. As 'n mens 'n korter rukkie stort, word minder warm water gebruik.
- Theresa:** In die ou dae was daar minder besoedeling in die atmosfeer. Dus kon die Aarde die son se hitte wegkaats. Bome verwyder skadelike koolstofdiksied uit die lug. Vra dus vir jou ouers om vir jou 'n boom in plaas van gewone geskenke te koop. Die Gr.12's kan ook bome by die skool as afskeidsgeskenk plant.
- Atiyya:** Ek dink saamryklubs kan ook help dat daar minder motors op ons paaie is. As jy naby die skool bly en dit veilig is, is stap of fietsry ook 'n opsie. Elke keer as 'n mens met 'n motor ry, gee die enjin koolstofdiksied af. Dit is 'n skadelike gas wat die kweekhuiseffek aanhelp.
- Ayanda:** Die Aarde se temperatuur was in 2022 ongeveer 0.8°C warmer as 'n eeu gelede. Gebruik dinge langer. Elke nuwe ding moet in 'n fabriek gemaak word en dit laat die aarde se temperatuur styg. Pas jou skoolklere en skoolsak op, want dan is dit nie nodig om weer nuwes te koop nie.
- Anna:** Moet ook nie kos mors nie. Om kos te produseer, benodig energie, vervoer én verpakking. Alles wat jy weggooi moet weer herwin word. 'n Komposhoop in die tuin is ook 'n manier om die Aarde beter op te pas.

[Bron: Verwerk uit Weg, April – Mei 2023]

AFDELING B: 10 PUNTE

AFDELING C: POËSIE**VRAAG 5: VOORBEREIDE GEDIG**

Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg.



[Bron: **Goue Lint My Storie Begint** – Illustrasie Alida Bothma]

Die wêreld het so klein geword – Alta Marincowitz

1. Toe my ouma 'n kind was, speel hulle op die wye vlakke,
2. deel granate in die boord,
3. lees boeke in hulle soeke na kennis
4. en klets met maats as die foun twee kortes en drie langes lui.

5. As kind bly my ma op 'n ruim erf
6. met 'n grasperk en twee bome,
7. sit sy vasgenael voor die kassie –
8. vol drome om eendag oor die wye wêreld te swerf.
9. Sy ken mense wat al oorsee was!
10. Haar niggies in die stad gaan naweke fliet
11. en voor matriek sien sy hoe die eerste selfone lyk.

12. Ek klik met 'n muis die wêreld tot in my huis,
13. die web is my werf en Gumbtree my boom.
14. Ek is deel van 'n boek waar mense hul gesigte
15. gedeeltelik ontsluit en klankloos klets en kuier.
16. Ek kan kennis onmiddellik op aanvraag verkry
17. en met 'n ieder en elk in verbinding bly.
18. die moontlikhede is duiselingwek-
19. kend GROOT en die wêreld het so
20. klein geword dit pas in die
21. twaalf vierkante
22. meter van my
23. kamer
24. in.

[Bron: **Toulopers: Verse vir Tieners – saamgestel deur J. Jacobs, Lapa 2011]**

- 5.1 **Ruimtes** oor die **drie generasies** is 'n belangrike motief in die gedig. Verduidelik hierdie stelling deur na voorbeelde uit strofes 1, 2 en 3 se ruimtes te verwys. (2)
- 5.2.1 **Haal 'n woord** uit strofe 1 **aan** wat wys dat **bome** vir die spreker se ouma 'n **letterlike** betekenis gehad het. (1)
- 5.2.2 **Haal 'n woord** uit strofe 3 **aan** wat wys dat **bome** 'n **figuurlike** betekenis vir die spreker het. (1)
- 5.3.1 Dink jy dit is effektief/funksioneel dat die eerste strofe die **minste** en die laaste die strofe die **meeste** versreëls het? **Verduidelik** kortliks. (1)

- 5.3.2 Volgens die spreker is die moontlikhede wat die internet bied, baie **groot**.
Op watter **twee maniere** word in strofe 3 aangetoon hoe groot hierdie moontlikhede is? (2)
- 5.4 Die aanhaling “**klets met maats**” (reël 4) en “**klankloos klets**” (reël 15) staan in direkte **kontras met mekaar**. Wat wys dié kontras vir die leser? Skryf slegs die korrekte alfabetletter neer.
- A. Die spreker en haar ouma het baie vriende.
 - B. Die spreker en haar ouma gesels per telefoon met hulle vriende.
 - C. Die spreker se ouma praat direk met haar vriende en die spreker praat indirek met haar vriende.
 - D. Die spreker se ouma gesels langer met haar vriende as die spreker. (1)
- 5.5 Gee ‘n voorbeeld van onomatopoeë (klanknabootsing) uit die laaste strofe. (1)
- 5.6 Waarom kan ons sê dat hierdie gedig ‘n vormgedig of visuele gedig is? (1)
- [10]**

VRAAG 6: VOORBEREIDE GEDIG

Lees die gedig deeglik deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

Staan Op! – Fanie Viljoen

- 1 Staan op! As jy al ooit alleen was.
- 2 Staan op! As jy al ooit gespot is omdat jy gesê het
- 3 hoe jy werklik voel.
- 4 Staan op! As jy al ooit daaraan gedink het dat
- 5 Niemand van jou sal hou as hulle jou werklik ken nie.
- 6 Staan op! As jy al ooit verwerp gevoel het omdat
- 7 Jy te vet / te lelik / te ... was.

- 8 Staan op! As jy al ooit daaraan gedink het om
 9 “iets aan jou self te doen”.
 10 Staan op! As jy dink daar is net donker in die toekoms.
 11 Staan op! As jy partykeer nie antwoorde het op jou vrae nie.
 12 Staan op! As jy al ooit pyn vir ander mense moes wegsteek.
 13 Staan op! As jy dink jy is nie aanvaarbaar nes jy is nie.
 14 Staan op! As jy al ooit gehuil het omdat jy jouself
 15 Nie kan verander nie.

16 En kyk – hoeveel mense sit nog om jou?

[Bron: **Toulopers: Verse vir Tieners – saamgestel deur J. Jacobs, Lapa 2011]**

6.1 Die titel van die gedig het **twee** betekenisse.

Verduidelik die **funksie** van die **uitroepteken** by elke betekenis. (2)

6.2 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die korrekte alfabetletter neer.

Die herhaling van die titel aan die begin van reëls 1 – 4 word ‘n genoem.

- A. hiperbool
- B. kontras
- C. anafora
- D. wending (1)

6.3 Hoe dink jy **voel** die spreker wanneer hy/sy sê: **niemand van jou sal hou as hulle jou werklik ken nie?** (reël 5) (1)

6.4 Verduidelik die funksie van die ellips in reël 7. (1)

6.5 **Haal** die **versreël aan** wat beteken dat ons dikwels ‘n **emosionele** masker dra. (1)

6.6.1 Verduidelik die betekenis van reël 9: **“iets aan jouself te doen”**. (1)

6.6.2 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die korrekte alfabetletter neer.

Reël 9 is 'n voorbeeld van:

- A. satire
- B. eufemisme
- C. sarkasme
- D. ironie (1)

6.7.1 Reël 16 is 'n voorbeeld van **alleenplasing**.

Verduidelik hoe die alleenplasing die **tema** van die gedig beklemtoon. (1)

6.7.2 Noem nou nog **twee** aspekte wat die betekenis van **reël 16 beklemtoon**. ($\frac{1}{2} \times 2 = 1$)

[10]

VRAAG 7: ONGESIENE GEDIG

Lees die gedig deeglik deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

Begin somer – Ingrid Jonker
Vir Simone

1. Begin somer en die see
2. 'n oopgebreekte kweper
3. die lug soos 'n kind
4. se ballon
5. ver bo die water
6. op die sand lê handdoeke
7. soos gestreeppte lekkergoed
8. miere van mense
9. en die lag van die baai
10. het goue tande
11. Kind met die geel emmertjie

12. en die vergete vlegsels
13. jou mond is sekerlik 'n klokkie
14. lag met kleintongetjie
15. Jy bespeel die son daglank
16. soos 'n ukelele

[Bron: **Woordreise – Samestellers Adinda Vermaak e.a.**; Nasou via Afrika, 2004]

- 7.1 Die aanhaling uit die gedig “die see 'n oopgebreekte kweper” (reëls 1 en 2) is 'n voorbeeld van 'n **metafoor**.

Skryf nou hierdie aanhaling oor en verander dit na 'n **vergelyking**. (1)

- 7.2 Die kleur van die kind se ballon (reëls 3 en 4) is moontlik:

Skryf net die korrekte alfabetletter neer.

- A. rooi
- B. blou
- C. geel
- D. pers (1)

- 7.3 Hoe lyk die handdoeke wat op die strand lê? Beantwoord die vraag in jou **eie woorde**. (1)

- 7.4 **Haal 'n versreël** uit die gedig **aan** wat beteken dat daar baie mense op die strand is. (1)

7.5 Die beeldspraak in die aanhaling; “die lag van die baai het goue tande”

(reëls 9 en 10) is ‘n:

Skryf net die korrekte alfabetletter neer.

A. Metafoor

B. Simboliek

C. Cliché

D. Personifikasie (1)

7.6 Wat is die kind wat met die emmertjie speel se naam? (1)

7.7 Hoe klink die kind se lag as dit met ‘n klokkie vergelyk word? (reël 13) (1)

7.8 Noem **twee** kleure in die gedig wat ‘n mens met die son sal assosieer. ($\frac{1}{2} \times 2 = 1$)

7.9 Wat word ‘n strofe wat uit **ses versreëls** bestaan genoem? (1)

7.10 Die digvorm van die gedig is **vrye vers**. Noem enige eienskap van ‘n gedig met vrye vers as rympatroon. (1)

[10]

AFDELING C: 30 PUNTE

AFDELING D: TAALVAARDIGHEID**VRAAG 8: SINSTRUKTURE**

Bestudeer die skets hieronder. Herskryf die sinne soos aangedui.

Tessa en die stoute bok

[Bron: Weg, 1 Augustus 2022]

8.1 Die vorige dag het Tessa vir die stoute bok weggehardloop.

Op die oomblik ... (1)

8.2 Die bok wil vir Tessa stamp. Die bok se kleur is wit.

Die bok wat se ... (1)

8.3 Tessa hou haar boek veilig onder haar arm vas.

Haar boek ... (1)

8.4 Die bok is baie vinnig, maar Tessa kan ook vinnig hardloop.

Al ... (1)

8.5 Tessa wonder: "Wat gaan van my skoolboeke word?"

Tessa wonder ... (1)

8.6 Die bok wys sy horings, want dit laat Tessa skrik.

Die bok wys sy horings om ... (1)

8.7 Tessa se maats wil haar nie glo as sy hulle van die bok vertel nie.

Daardie dag ... (1)

8.8 Is jy nog bang vir die bok?

Nee, ... (1)

8.9 Tessa is baie bang om haar onderwysers van die boeke te vertel.

Die volgende dag ... (1)

8.10 Tessa is amper deur die bok met sy horings gestee.

Die bok ... (1)

8.11 Tessa moet hierdie pad loop om by die skool te kom.

Tessa hoef ... (1)

8.12 Tessa het haar les geleer en sy gaan nie weer met die bok speel nie.

Tessa het haar les geleer; gevolglik ... (1)

[12]

VRAAG 9: WOORDSTRUKTURE

- Lees die paragraaf wat op die skets gebaseer is, deur.
- Doen elke keer wat tussen hakies gevra word.
- Skryf die nommer en die korrekte antwoord ONDER MEKAAR neer.

Die wilde partytjie in die Wildtuin



[Bron: Weg! Ry en Sleep, Desember 2022 – Januarie 2023]

Die groep tieners is in die Wildtuin. Dit is 9.1 (**sommer/somer – kies die korrekte spelling**) en lekker warm. Die 9.2 (**sing – gee die teenwoordige deelwoord**) tieners dans 9.3 (... – **vul die voorsetsel in**) die ritme van die musiek. Die 9.4 (**musieknoot – gee die meervoud**) 9.5 (**klank/klink – kies die korrekte woord**) baie hard. Daar is vleis op die 9.6 (**vuur/vier/veer – kies die korrekte spelling**). Daar is baie 9.7 (**pad – gee die meervoud**) wat 'n mens kan stap. Maar dit is nie altyd 9.8 (**gevaarlik – gee die antoniem**) nie. Jy moet liever nie jou 9.9 (**tent – gee die verkleining**) na 9.10 (**19:30 – skryf in woorde uit**) verlaat nie. Die jong man sal 9.11 (**vinnig – gee die intensiewe vorm**) vir die seekoei moet weghardloop. Die seekoei wat by die 9.12 (**klip – gee die meervoud**) lê, word al hoe 9.13 (**kwaad – gee die vergrotende trap**). Gelukkig het die man sterk 9.14 (**boots – gee die Afrikaanse woord**) aan. Dit is 'n 9.15 (**lang/lank – kies die korrekte adjektief**) dag, maar die tieners 9.16 (**genot – gee die werkwoord**) elke oomblik.

[16 X ½ = 8]

VRAAG 10: KOMMUNIKASIE

- Kyk na die skets/e hieronder.
- Lees elke situasie wat by elke vraag beskryf word. Skryf 'n sin neer oor wat **jy dink** die persoon in die situasie sou sê.
- Jy mag **NIE** die **vetgedrukte woorde** in die beskrywing gebruik **NIE**.
- Elke respons moet **15 – 20** woorde lank wees.
- Skryf die **woordtelling na elke respons neer**.


OPDRAG:

Een van julle beste maats gaan aan die einde van julle Gr.12-jaar saam met sy/haar ouers na 'n ander land emigreer. Julle besluit om vir hom/haar 'n afskeidspartytjie te reël.



10.1 Jy is baie **hartseer** om julle vriend/in te verloor. Wat sê jy (Persoon A) vir jou maats? Noem ook na watter land julle vriend/in gaan emigreer.

10.2 Een van julle maats stel voor dat julle 'n temapartytjie vir julle vriend/in moet hou. Watter tema en idees deel sy (Persoon B) met julle?





10.3 Een van julle het idees vir 'n interessante spyskaart. Wat sê hy (Persoon C) vir julle?

Noem wat julle gaan **eet en drink**. (2)

10.4 Een van julle maats het 'n voorstel oor **waar en wanneer** julle die partytjie moet hou.

Wat sê hy (Persoon D) vir julle? (2)

10.5 Julle besluit om vir julle vriend/in 'n **geskenk** te koop wat hom/haar aan **Suid-Afrika** sal herinner. Een van julle vriende het 'n goeie idee. Wat sê sy (Persoon E) vir julle oor die geskenk? (2)

[10]

AFDELING D: 30 PUNTE

GROOTTOTAAL - VRAESTEL 1: 100 PUNTE